Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

PUNTE: **80**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Leesbegrip (VRAAG 1)	(30)
AFDELING B:	Opsomming (VRAAG 2)	(10)
AFDELING C:	Taal (VRAAG 3, 4 en 5)	(40)

2. Lees ALLE instruksies baie deeglik.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Trek ’n streep ná elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ’n reël oop ná ELKE antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	50 minute
AFDELING B:	20 minute
AFDELING C:	50 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A: ARTIKEL

DAARDIE WENGEVOEL KAN JOU ÁLLES KOS



1 Dit het heel onskuldig begin. Dit was uit blote nuuskierigheid dat die 13-jarige Ismael Pieterse 'n dobbelmasjien ontdek het by 'n winkeltjie op die Kaapse Vlakte waar sy gesin destyds gewoon het.

2 Hy het onmiddellik gehou van die gevoel om 50-sentmuntstukke in te gooi en dan soms 'n hele klompie daarvan as wengeld in sy sak te steek. Sommer gou kon hy homself skaars loswikkel uit die dobbelmonster se taai kloue.

3 Ismael (nou 45) se dobbelverslawing het hom sy werk as 'n salarisadministrateur gekos. En toe hy vyf jaar gelede die geld vir sy jongste kind se geboorte - meer as R36 000 - in een aand uitdobbel, was sy huwelik ook verby. Deesdae sien hy sy twee kinders van agt en vyf min.

4 "Ek is ongelooflik spyt," vertel 'n tranerige Ismael vanuit Williston in die Noord-Kaap. Hy probeer nou om die stukke van sy lewe op te tel. Dit sukkel met die werksoekery, al is sy CV goed, want sy verlede tel teen hom.

5 Hy onthou daardie dag 32 jaar gelede al te goed toe hy vir die heel eerste keer 'n 50-sentmuntstuk in daardie masjien gedruk het. "Niemand het my gekeer nie, selfs al was ek nog 'n kind." Binne maande was hy totaal en al verslaaf. Hy het van sy ma, 'n enkelouer, se geld begin steel om te kan dobbel.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

6 Toe hy later begin werk het, kon hy smiddae skaars wag om by die casino uit te kom. Dinge het selfs vererger toe hy aanlyn dobbelary in 2015 ontdek het. Die gogga het toe éérs gebyt. Later sou hy agterkom dis die dopamien-effek. Hy vertel hoe hy in 2020 die R36 000 vir sy meisiekind se geboorte in Boksburg geblaas het terwyl sy vrou in die hospitaal was. Binne vier uur het hy ál die geld uitgedobbel. Hy het agterna baie sleg gevoel toe hy besef wat hy gedoen het. Hy het op die woonstel se balkon gaan staan en wou daar afspring.

7 Al wat hom destyds gekeer het, was die feit dat hul seuntjie in die woonstel was. Hy het gevoel hy kan nie meer aangaan nie. Maar die Here het met hom gepraat en gesê hy het nog soveel wat hy op aarde moet doen. Hy kon homself nie daardie aand doodmaak nie, want hy moes sy storie met ander deel. Dís presies wat hy nou doen.

8 Ismael wens hy kon die klok terugdraai, want hy moet elke dag met sy besluite saamleef. Hy het sy werk verloor omdat hy geld gesteel het. Hy het dit self erken en moes die geld terugbetaal. Hy is dankbaar dat hy net 'n twee jaar opgeskorte vonnis (*suspended sentence*) gekry het, want hy kon in die tronk gesit het.

9 Dink hy vandag terug, sou hy vroeër oor sy verslawing gepraat het, maar hy was skaam oor wat mense sou dink. Ismael het uiteindelik terapie gekry en is vandag deel van 'n ondersteuningsgroep wat ander help. Hy is dankbaar vir die ondersteuning van sy suster, Ranine. Volgens Ismael is dit belangrik dat mense weet dat daar mense is wat hulle sal ondersteun as hulle net van die begin af eerlik is.

10 Hy glo as hy 10 jaar gelede geweet het van *Gamban* sou hy nooit die belangrikste dinge in sy lewe verloor het nie. *Gamban* is 'n toep (*app*) wat jy op jou elektroniese toestelle aflaai en wat dobbelwebwerwe blokkeer. Die verslaafde se hele gesin moet hierdie toep aflaai sodat hy nie op hulle toestelle kan dobbel nie.

11 "Enigiemand kan aan dobbel verslaaf raak, want die dobbelgogga vra nie name nie. Dit byt enigeen." Ismael weet waarvan hy praat, want hy het al in ou gewoontes teruggeval toe sy vrou vir hom gesê het dat sy wil skei. "Kommunikeer met jou naastes. Erken jou probleem. Gaan vir rehabilitasie. Dit is nie maklik nie, maar vat dit dag vir dag," sê hy.

12 Ismael het steeds drome en wil aan sy gebroke verhoudings bou. Hy wil sy kinders graag meer sien, maar moet eers homself uitsorteer en 'n werk kry. Dit is sy grootste droom om vir hulle alles te gee wat hy kan.

13 Hy vertel vir mense sy storie, want hy is nie meer skaam daaroor nie. Hy bly hoopvol.

[Verwerk uit *Kuier*, 26 Maart 2026]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

LET WEL:

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Wat, volgens Ismael Pieterse, was die rede dat hy vir die eerste keer op ’n dobbelmasjien gespeel het? (1)

1.2 Waar het Ismael Pieterse grootgeword? (1)

1.3 “Sommer gou kon hy homself skaars **loswikkel uit die dobbelmonster se taai kloue.”** (paragraaf 2)

1.3.1 Word hierdie vetgedrukte woorde LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.3.1 deur te verduidelik wat die vetgedrukte woorde beteken. (1)

1.4 Volgens die titel kan “daardie wengevoel” jou álles kos.

Noem TWEE dinge wat Ismael weens sy dobbelverslawing verloor het. (2)

1.5 Haal EEN woord uit paragraaf 4 aan wat daarop dui dat hy baie emosioneel is oor die foute in sy lewe. (1)

1.6 Ismael sukkel om werk te kry, “want sy verlede tel teen hom.” (paragraaf 4)

Werkgewers behoort mense met ’n kriminele verlede nog ’n kans te gee. Motiveer waarom jy met hierdie stelling saamstem. (1)

1.7 “Niemand het my gekeer nie, selfs al was ek nog ’n kind.” (paragraaf 5)

Kon Ismael se lewe dalk anders verloop het as iemand hom daardie dag gekeer het om te dobbel? Motiveer jou antwoord. (1)

1.8 Watter woord in paragraaf 6 sluit aan by “wengevoel” in die titel? (1)

1.9 Gee EEN rede waarom Ismael nie sy eie lewe in 2020 kon neem nie. (1)

1.10 Verduidelik kortliks waarom Ismael se opgeskorte vonnis van twee jaar vir diefstal by sy werk ’n regverdige straf is. (1)

1.11 Hoekom het Ismael, volgens paragraaf 9, so lank gewag voordat hy hulp vir sy verslawing gesoek het? (1)

1.12 Ismael het nog nie een keer weer gedobbel vandat hy gestop het nie.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

1.13 Ismael glo dat hy nooit die belangrikste dinge in sy lewe sou verloor het as hy tien jaar gelede van *Gamban* geweet het nie. (paragraaf 10)

Motiveer waarom hierdie stelling 'n MENING en nie 'n FEIT is nie. (1)

1.14 Watter raad gee Ismael aan mense wat aan dobbel verslaaf is? (1)

1.15 Simpatiseer jy met Ismael? Motiveer jou antwoord. (1)

1.16 Kies 'n gevolg uit KOLOM B wat by 'n aksie van Ismael in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.16.1 tot 1.16.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.16.1	Ismael blaas die geld vir sy dogter se geboorte.	A	Ismael kry sy lewe in orde.
1.16.2	Ismael gooi 'n 50-sentmuntstuk in 'n dobbelmasjien.	B	Ismael word 'n dobbelverslaafde.
1.16.3	Ismael gaan vir terapie.	C	Ismael begin aanlyn dobbel.
1.16.4	Ismael vertel sy storie.	D	Ismael se vrou los hom.
		E	Ismael help en ondersteun ander.

(4 x 1) (4)

1.17 Dink jy dis moontlik vir Ismael om weer 'n goeie verhouding met sy kinders op te bou? Motiveer jou antwoord. (1)

1.18 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.18) neer.

Die doel van hierdie artikel is hoofsaaklik om lesers te ...

A vermaak.
B waarsku.
C oortuig om te dobbel.
D vertel van dobbelary. (1)


1.19 Wat sou jy vir Ismael sê as jy die kans sou kry om met hom te praat? (1)

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

TEKS B: GRAFIESE TEKS

Bestudeer die grafiese teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



1.20 In watter sektor kom hierdie bedankings voor? (1)

1.21 Watter groep gesondheidswerkers bedank volgens hierdie teks die minste? (1)

1.22 Hoe dink jy verskil administratiewe personeel se werk van dié van die res van gesondheidswerkers s'n? (1)

1.23 Volgens hierdie visuele teks het 58 897 verpleegsters bedank.

1.23.1 Gee EEN moontlike rede waarom so baie verpleegsters bedank. (1)

1.23.2 Watter invloed kan hierdie bedankings op hospitale hê? (1)

1.24 Hoe weet jy dat die inligting in hierdie teks nie na gesondheidswerkers wêreldwyd verwys nie? (1)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

VRAAG 2

Gejaagd, gestres en altyd aan die gang? Maak só om binne 5 minute rustiger te voel.

INSTRUKSIES

1. Som die SEWE wenke OOR HOE OM BINNE 5 MINUTE RUSTIGER TE VOEL in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die **wenke** puntsgewys neer.
3. Nommer die **wenke** van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C

WAT JY MOET DOEN OM BINNE 5 MINUTE RUSTIGER TE VOEL

In ons gejaagde lewe is daar 101 dinge wat gedurende ’n dag ons aandag benodig en tot stres bydra. Sit daagliks ’n paar minute opsy en probeer ’n paar van dié eenvoudige wenke om gou rustiger te voel.

Baie mense dra spanning in hulle skouers en nek. Laat doelbewus jou skouers deur die dag sak. Chroniese laerugpyn hou verband met stres en angsverwante siektes. Strek om die pyn te verlig en spanning in jou ruggraat te verminder. Lê plat op die vloer en strek jou arms uit in ’n T-vorm. Bring jou regterknie op na jou bors en laat sak dit na links. Asem ’n minuut lank diep in en uit. Herhaal dan aan die ander kant.

Eet vrugte soos mango’s wat linalool bevat en stresvlakke verlaag. ’n Blokkie donkersjokolade maak jou kalm omdat dit kortisolvlakke reguleer en jou metabolisme stabiliseer. Vervang koffie met groentee, wat L-theanien bevat en woede kan help verlig.

Stel jou foon vir 5 minute en fokus net op jou asemhaling. Haal diep asem en blaas dit stadig uit terwyl jy voel hoe die gewig op jou skouers ligter raak. Gee jouself ’n handmassering om meer ontspanne te voel. Sit handeroom aan en begin by die basis van die spier by jou duim masseer. Hou jou gewrigte onder koue water as stres jou oorval. As jy hierdie deel van jou lyf afkoel, kan dit help om jou hele liggaam te kalmeer.

Onthou, ’n bietjie tyd vir jouself kan ’n groot verskil maak.

[Verwerk en aangepas: *Huisgenoot*, 19 November 2025]

TOTAAL AFDELING B: 10

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN-KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

TEKS D

Sê dit met 'n BURGER-**voorblad**,
want jy is voorbladnuus!

(3.2)



VIER JY 'N SPESIALE DAG OF GEBEURTENIS?

(3.4) SKEP JOU UIE VOORBLAD

Só werk dit:

1. Stuur 10 foto's van 300 dpi of 1 MB groot
2. Skryf iets oor die geleentheid met 'n (3.5) (minimum) van 500 woorde.
3. Betaal en stuur bewys na: vieringsvoorblaaie@dieburger.com
4. Hou jou e-pos dop: Ons stuur jou voltooide kopie om uit te druk/te raam.

Slegs R1,500.00 en dan is jy 'n … voorbladster!!!

[Verwerk: *Die Burger,* 11 Maart 2026]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

3.1 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)

3.2 Op watter manier word die naam van die koerant, Die Burger, op elke voorblad in hierdie advertensie beklemtoon? Noem TWEE maniere. (2)

3.3 Watter woord in hierdie teks maak die advertensie persoonlik? (1)

3.4 Verbeter die SPELFOUT in die sin.

Skep jou uie voorblad. (1)

3.5 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Skryf iets oor die geleentheid met ’n (minimum) van 500 woorde. (1)

3.6 Hoe ondersteun die prente die inhoud van die advertensie? (1)

3.7 Watter belangrike inligting wat in hierdie advertensie behoort te wees, is uit hierdie advertensie weggelaat? (1)

3.8 Noem EEN manier waarop hierdie advertensie die leser manipuleer om daarop te reageer. (1)

3.9 “Slegs R1 500,00”

Wat impliseer die woord “slegs” omtrent die prys van hierdie produk? (1)
[10]

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

TEKS E



[Verwerk en aangepas uit *Die Burger,* 4 April 2026]

4.1 Hoe wys die spotprentkunstenaar in RAAMPIE 1 dat Jeremy baie verbaas is? (1)

4.2 Skryf die sin hieronder oor in die INDIREKTE REDE.
Jy moet **dat** in jou sin gebruik.

Ma sê: "Ek is jammer." (1)

4.3 Wat is die funksie van die ellips in RAAMPIE 1? (1)

4.4 Watter visuele bewys in RAAMPIE 2 ondersteun Jeremy se woorde dat geen verskoning nodig is nie? (1)

4.5 Skryf die sin hieronder oor as 'n VRAAGSIN.

Dit gee ons nou 'n heel nuwe woordeskat. (1)

4.6 Hoe kan jy aan Ma se liggaamstaal in RAAMPIE 3 sien dat sy ontevrede is met dit wat Jeremy sê? Noem TWEE visuele bewyse. (2)

4.7 Hoekom, dink jy, gebruik Ma in RAAMPIE 3 'n woord soos "floppen" en nie 'n vloekwoord nie? (1)

4.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Dit gee ons nou 'n heel nuwe woordeskat." (RAAMPIE 3)

Jeremy se woorde impliseer dat (hy dink hy ook nou mag vloek / hy 'n nuwe woord geleer het). (1)

4.9 Verduidelik kortliks waarom Ma se woorde in RAAMPIE 3 ironies is. (1)
[10]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

TEKS F: ARTIKEL

S-s-snoesige samesyn

In dié huis trek die kinders nie hulle (5.1.1) (teddiebeer) nader as dit slaaptyd is nie. (5.1.2) (Hulle krul eerder snoesig op saam met hulle gunstelingtroeteldiere – hul luislange.) Hierdie luislange kan elk (5.1.3) (lank) as 1,5 meter word.

Socratis Christoforou, van die (5.1.4) (Verenigde State van Amerika), het ’n internetsensasie geword nadat video’s, waarin hy en sy kinders slange hanteer, wyd versprei het.

Socratis (45) sê: “Slange is (5.1.5) (deel) van my familie.” (5.1.6) (“Die kinders spandeer tyd saam met slange terwyl hulle huiswerk doen lees en in die bed lê en TV kyk.) Hulle deel ’n (5.1.7) (ongelooflik) band.

Nie almal is beïndruk (5.1.8) (…) sy ongewone troeteldiere nie, maar die kritiek pla Socratis nie. Hy het meer as (5.1.9) (1 000) uur se ervaring met die hantering van verskeie slange. Sy (5.1.10) (versameling) bestaan egter net uit nie-giftige reptiele.

(5.1.11) (Die kinders versorg die slange.) Hulle word van kleinsaf geleer hoe (5.1.12) (die slange hanteer.) Sy seun Maximus (10) het sy eie twee slange. Ariana (6) hou ook sowat 20 koningluislange in (5.1.13) (bakke) in haar kamer aan.

(5.1.14) (Socratis se ma is egter doodbang vir slange. Sy sal nie eens na ’n foto van ’n slang kyk nie.) Hy sluit alles toe wanneer sy kom kuier.

[Bron: *Huisgenoot*, 24 Oktober 2025]

5.1.1 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

In dié huis trek die kinders nie hulle (teddiebeer) nader as dit slaaptyd is nie. (1)

5.1.2 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD.

Hulle krul eerder snoesig op saam met hulle gunstelingtroeteldiere. (1)

5.1.3 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Hierdie luislange kan elk (lank) as 1,5 meter word. (1)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

5.1.4 Gee die AFKORTING van die woorde tussen hakies.

Socratis Christoforou, van die (Verenigde State van Amerika), het ’n internetsensasie geword. (1)

5.1.5 Skryf ’n sin met die HOMONIEM van die woord tussen hakies sodat die betekenis duidelik is.

Socratis sê: “Slange is (deel) van my familie.” (1)

5.1.6 Vul die ontbrekende LEESTEKEN in. Skryf die sin oor en onderstreep die leesteken wat ingevul is.

Die kinders spandeer tyd saam met slange terwyl hulle huiswerk doen lees en in die bed lê en TV kyk. (1)

5.1.7 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Hulle deel ’n (ongelooflik) band. (1)

5.1.8 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Nie almal is beïndruk (…) sy ongewone troeteldiere nie. (1)

5.1.9 Skryf die GETAL tussen hakies as ’n woord.

Hy het meer as (1 000) uur se ervaring met die hantering van verskeie slange. (1)

5.1.10 Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE.

Sy (versameling) bestaan egter net uit nie-giftige reptiele. (1)

5.1.11 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Die kinders versorg die slange. (1)

5.1.12 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.

Hulle word van kleinsaf geleer hoe (die slange hanteer.) (1)

5.1.13 Gee die korrekte VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Ariana hou ook sowat 20 koningluislange in (bakke) in haar kamer aan. (1)

5.1.14 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Socratis se ma is egter doodbang vir slange. Sy sal nie eens na ’n foto van ’n slang kyk nie. (daarom) (1)

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

TEKS G: PRENT



[Bron: clipart-library.com]

5.2.1 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Die nuuskierige kat het (*spots*) op sy lyf. (1)

5.2.2 Skryf die sin hieronder oor in die korrekte WOORDORDE.

Pa plaas (op die boonste takkie) (die ster) (versigtig). (1)

5.2.3 Skryf die sin in die ONTKENNING.

Die seun help altyd sy pa om die boom te versier. (1)

5.2.4 Gee die VERLEDE DEELWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Die kat staan en kyk na die (versier) boom. (1)

5.2.5 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die familie vier vanjaar Kersfees (by die huis). (1)

5.2.6 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Pa se pajamas is (wit). (1)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.